

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English / Afrikaans

February 2020 Edition 2



**Amber  
Alert launched  
in SA**

**Page 4**



**The ups  
and downs  
of farming**

**Page 7**

## Narysec kick-starts lives of rural youth



Mamosweu Tsoabi is a National Rural Youth Services Corps (Narysec) alumni who uses the skills she learnt from the programme to construct structures on her vegetable farm.

**Silusapho Nyanda**

**T**he Department of Rural Development and Land Reform's (DRDLR) youth flagship training programme, the National Rural Youth Services Corps (Narysec), is set to transform the life of a young woman from a rural Limpopo village. Sana Magwete (25), who lives near Mokopane, has been selected as a programme participant. She said she can now see a brighter future ahead of her.

"I am hoping to acquire skills that will enable me to be an entrepreneur. I would like to start a chicken abattoir because there is no such business in my village and people in my area love meat. I am almost certain that the business will succeed," she said.

She said unemployment is very prevalent in her village. "There are no job opportunities for the youth. I am hoping that once I finish with the programme and get my business up and running,

I will be able to create jobs for locals and also make a living for myself and my family members."

Magwete said last year the village chief gathered the local youth to inform them about Narysec and the opportunities it offers.

"Fifteen young people, including myself, were selected from my village," she said.

They are already at Narysec's college in Thaba Nchu in the Free State, where they will spend four months before being deployed for training in different areas. During training, Magwete said they get a monthly stipend of R1 320 for the first four months, after which it will be increased to R3 000.

### **Skills for rural youth**

Narysec is a 24-month skills development programme that targets unemployed rural youth.

Mamosweu Tsoabi (32) was part of the programme in 2010.

• Cont page 2



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

### **CONTACT US**

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:  
1035 cnr Frances Baard and Festival streets Hatfield, Pretoria, 0083

**FREE COPY NOT FOR SALE**



# Bou 'n nasie wat omgee vir kinders

**G**eagte mede-Suid-Afrikaners, daar is 'n gesegde in baie Afrikakulture wat stel dat dit 'n gemeenskap vat om 'n kind groot te maak. Dié idee — dat die breër gemeenskap vir die ontwikkeling, welstand en veiligheid van elke kind verantwoordelik is — gaan deur my gedagtes wanneer ek aan die onlangse tragiese en hoogs ontstellende dood, op 'n skoolkamp, van 13-jarige Enoch Mpianzi, dink.

Enock is nie die enigste kind wat sy lewe verloor het in omstandighede wat voorkom kon word as volwassenes die nodige voorsorgmaatreëls getref en verantwoordelikheid geneem het. Dit laat 'n mens dink aan 'n ander 13-jarige kind, Keamohetswe Shaun Seboko, wat onlangs in 'n Magaliesburgse laerskool se swembad verdrink het, en die twee kinders wat by Laerskool Lekgolo in Limpopo oorlede is toe 'n trok in 'n muur vasgery het wat op hulle geval het.

'n Mens dink ook aan die talle kinders, soos sesjarige Nathlia Pienaar, wat in die kruisvuur van 'n bende-oorlog op die Kaapse Vlakte gesterf het. Ons onthou ook die tragiese dood van Michael Komape en Lumka Mkethwa wat dood is toe hulle in puttoilette gevael het.

Dit was heeltemal onnodig dat al hierdie jongmense, en baie ander, hul lewens verloor het. Al dié tragedies kon

voorkom word as die nodige maatreëls om die kinders se veiligheid te verseker, getref was.

Dit lyk vir my asof ons, as 'n samelewings, ons kinders in die steek laat.

Te veel kinders bevind hulself in gevaaalike situasies, hetso op 'n tydelike vlot op 'n rivier of alleen in 'n gehuggie met 'n paraffienlamp. Ons kinders se lewens word in gevaaal gestel wanneer kontrakteurs opgrawings onbeeskerm laat, skoolinfrastruktuur nie onderhou word nie, of skoolvervoer oorlaai word.

Daar kom egter nog meer nataligheid en verwaarloosing voor. Baie kinders word deur seksuele prooisoekers, kriminele bendes en dwelmverkopers geteiken, juis omdat hulle kwesbaar is. As 'n samelewing, moet ons meer toegewyd wees en aktief betrokke wees by die beskerming van ons kinders teen dié en ander gevare.

Ons moet gesamentlik 'n verantwoordelikheidskultuur opbou.

Ons moet vir onsself, ons kinders en ander verantwoordelikheid aanvaar. Ons moet verseker dat ons kinders in 'n veilige, versorgende en stimulerende omgewing kan grootword; ons moet ook besef dat dit ons plig is om almal wat ons ken en die mense met wie ons omgaan, te beskerm en versorg.

Ons moet ook hierdie verpligting op ons land se paaie voel. Ons verwelkom die afname in padsterftes oor die

feesseisoen, maar die aaklike werklikheid is dat meer as 1 600 mense in net 'n maand en 'n half op ons paaie gesterf het. Dit is kommerwekkend dat meer as 9 000 motoriste vir oortredings, insluitend dronkbestuur, oorskryding van die spoedgrens en roekeloze en nalatige bestuur in hegenis geneem is. 'n Verantwoordelikheidskultuur beteken dat ons almal die verkeersreëls moet nakom en voetgangers en ander padgebruikers se regte moet respekteer.

'n Verantwoordelikheidskultuur beteken dat pa's by hulle kinders se lewens betrokke moet wees. Te veel vroue moet hulle kinders alleen grootmaak, wat dikwels hulle en hul kinders se moontlikhede beperk.

'n Verantwoordelikheidskultuur beteken ook dat ons veilige seks moet hê en nie onsself of ander aan MIV moet blootstel nie. Ons moet alkohol en dwelms misbruik nie. Ons moet gesonde lewens leef sodat ons siektes wat grootliks voorkombaar is kan verminder en langer kan leef.

Sodanige kultuur behoort veral deur diegene in posisies van gesag en invloed, hetso godsdienstige leiers of politici, tradisionele leiers of beroemdes, omarm te word. Hulle behoort, deur hulle woorde en dade, daarna te streef om 'n beter samelewing te skep waarin almal waardeer en versorg word.

Dit is verkose amptenare en staatsamptenare se ver-

antwoordelikheid om die veiligheid en welstand van burgers te verseker. Hulle moet seker maak dat daar voldoende en veilige skoolinfrastruktuur is. Hulle moet vinnig optree wanneer daar 'n onderbreking in watertoever in gemeenskappe is of wanneer foutiewe straatligte aangemeld word. Hulle moet seker maak dat gesondheids- en veiligheidsregulasies toegepas word en dat die oppergesag van die reg gehandhaaf word.

Ons moes soms uitermatige stappe neem, bykomend tot die werk wat steeds regoor die regering — op alle vlakke — gedoen word, om uiting te gee aan dié verantwoordelikheid. Ons het, as antwoord op die kinders wat gesterf het of seergekry het toe hulle in puttoilette gevallen, die SAFE-inisiatief geloods om die voorsiening van behoorlike toilette aan alle skole in die land, te bespoedig. Ons het die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag na dele van Kaapstad ontplooい om die polisie in hul pogings om bendegeveld te verminder, te ondersteun. Ons het, meer onlangs en saam met die burgerlike gemeenskap, 'n noordreaksieplan geloods om geweld teen vroue en kinders te beëindig.

Dit is egter duidelik dat daar baie meer is wat ons, as regering en samelewing, moet doen.

Ons prys die individue en organisasies wat die verantwoordelikheid vir ander se

welstand op hulself neem. Daar is mense soos Ralph Bouwers en Mark Nicholson, wat ontspanningsaktiwiteite vir jongmense in Lavender Hill in Kaapstad reël om te verhoed dat hulle na die benewereld terugkeer. Daar is moeders, susters en dogters wat as vrywilligers diens doen by Operation Bobbi Bear, 'n organisasie in Amanzimtoti, KwaZulu-Natal wat toevlug aan mishandelde kinders bied.

Daar is tale geloofsgebaseerde groepe, soos die Konferensie van Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe, met wie ek vergader het, wat my vertel het van die werk wat hulle doen in antwoord op die armes se behoeftes, om gesinne te ondersteun om meer om te gee en versorgend te wees en ook om jong mense te help om die talle uitdagings wat hulle in die gesig staar, te hanteer.

Dié Suid-Afrikaners wys vir ons die weg. Hulle herinner ons, deur hul voorbeeld, wat dit beteken om verantwoordelikheid vir onsself en ander te neem.


Ons land het heeltemal te veel tragedies ervaar. Te veel jongmense is oorlede, te veel kinders het seergekry en is getraumatiseer.

Ons kan hierdie tragedies beëindig as ons almal, ieder en elk van ons, die verantwoordelikheid neem om die kinders in ons wonderlike Suid-Afrikaanse gemeenskap, te help grootmaak. 

**SEND ME TO BUILD THE MZANSI I WANT**  
Let's Grow South Africa Together

# Die besonderhede van AAHV en AAV

**DAAR IS HULP** vir kinders wat aan aandagafleibaarheid- en hiperaktiwiteitsversteurings lei.



Silusapho Nyanda

**A**s 'n kind wat aan aandagafleibaarheid-hiperaktiwiteitsversteuring (AAHV) of aandagafleibaarheidsversteuring (AAV) lei, nie behandel word nie, kan dit

langtermyn negatiewe gevolge vir sy/haar gesondheid hê.

Dit is volgens Dr Khatija Jhabzay, hoof van die Eenheid vir Kinder- en Adolescenspsiatrie by Townhill Hospitaal in Pietermaritzburg, KwaZulu-Natal.

Sy verduidelik dat dié kinders as volwassenes 'n hoër risiko loop om aan ander geestestoestande, soos angs en depressie, te ly en om middels te misbruik.

AAHV en AAV beïnvloed kinders se akademiese vordering en hulle gedrag kan ander pla. Sulke kinders is dikwels ook ongewild, beland gereeld in die moeilikheid en is geneig tot ongelukke.

"Elke kind se omstandighede is uniek en nog besig om te ontwikkel. Dit is dus belangrik om 'n omvattende kliniese assesering te doen om vas te stel of daar ander faktore is wat hulle ontwikkeling kan beïnvloed, asook die sterk punte waarop daar gebou kan word om hulle te help om hul volle potensiaal te bereik," sê Dr Jhabzay.

Sy verduidelik dat AAV en

AAV neuro-ontwikkelingsversteurings is met gedragsprobleme, soos onoplettendheid.

Dit word aangedui deur:

- agterlosige foute te maak
- take nie te voltooi nie
- goed te laat weggraak
- maklik afleibaar en vergetagtig te wees.

Voorbeeld van hiperaktiwiteit of impulsiviteit sluit in:

- rusteloosheid
- voete wat beweeg en hande wat trommel
- gekriewel op hul stoel
- antwoorde uit te blaker en opstaan wanneer daar van hulle verwag word om te bly sit.

"Simptome kom op twee of meer plekke voor – by die huis, by vriende of familie of tydens ander aktiwiteite – en meng in met sosiale, beroops- en skoolfunksionering.

Ernstige simptome wat voor die ouderdom van 12 voorkom, moet vir minstens ses maande teenwoordig wees.

Onderwysers kan gedragsprobleme waarnem en 'n kind vir kliniese assessering, verwys. Daar is verskeie behandelingsopsies wat oorweeg kan word. **V**

**Kontak die Geestesgesondheidsinligtingslyn by 0800 567 567, die ADHD-hulplyn by 0800 55 44 33 of die Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsgroep by 0800 456 789 vir inligting oor AAV en AAHV. Jy kan ook jou dokter of plaaslike gesondheidsfasiliteit kontak.**

# Early childhood education improves in Upington

**THE BRAINS OF PRESCHOOL** children grow at an incredible rate and help lay the foundations of language, thinking and social and emotional development.

Silusapho Nyanda

**C**hildren from Upington in the Northern Cape are benefiting from 10 early childhood development (ECDs) centres recently launched by the Department of Social Development (DSD).

Five-year-old Lithemba Bacela, who lives with cerebral palsy and has a speech impairment, is better able to indicate what she feels and needs, thanks to her time at one of these centres, Oasis Skills Development Centre's ECD unit.

Lithemba lives in Paballelo with her mother, Elizabeth Bacela, who said her child's

communication skills have improved since she started at the centre last year. Elizabeth said the stimulation area has been particularly beneficial.

"Lithemba can now indicate when she is thirsty, hungry or has wet herself".

The Oasis ECD centre is one of 10 that received a new building from the National Lotteries Commission (NLC) as part of the commission's Legacy Project. This countrywide initiative is aligned with the National Development Plan's commitment to improving education, innovation and training, and contributing to the goal of ensuring that all children have at least two years of preschool education.

The centre accommodates

children who live with a variety of conditions, including autism, down syndrome, cerebral palsy and foetal alcohol syndrome. Each of the four classes at the ECD centre has 10 to 15 pupils, says Acting Chairperson of Oasis Skills Development Centre Marina Johannesen.


The department contributes a subsidy of R20 per child, which covers children between the ages of two and seven and those who are 18 years of age and above.

In 2015, the DSD donated a stimulation centre, computer lab and a bus to transport pupils to and from school.

"Once a week, therapists from the local hospital come to the centre to assess and treat the children," says Johannesen.

The new building, donated recently is an additional blessing for the centre. Speaking at the launch, Department of Social Development Deputy Minister Hendrietta Bogopane-Zulu called on the public to include children living with disabilities in dialogues about issues that affect them. **V**

**Elizabeth Bacela with her daughter Lithemba who has cerebral palsy and speech impairment. Lithemba is now receiving the necessary care from the newly opened ECDs in Upington.**



# Wees aangeskakel en skakel af

## DAAR IS


**VERSKEIE** din-ge wat Suid-Afrikaners kan doen om elektrisiteit te bespaar en beurt-krag te vermy.

Silusapho Nyanda

**D**ie Waarnemende Stasiebestuurder van Eskom se Matimba-kragstasie, Obenkeng Mabotja, sê dat die tekort aan voldoende krag in Suid-Afrika 'n impak op mense se lewens het, omdat normale aktiwiteite tydens beurtkrag nie kan plaasvind nie.

Matimba-kragstasie is in Lephalale, Limpopo, geleë.

Mabotja verduidelik dat



Die Matimba-kragstasie in Limpopo speel 'n deurslaggewende rol om krag in Suid-Afrika op te wek.

beurtkrag plaasvind wanneer Eskom nie genoeg elektrisiteit kan opwek om aan die land se behoeftes te voldoen nie. Dit is derhalwe noodsaaklik dat alle Suid-Afrikaners hulle deel doen om minder krag te gebruik.

## Wenke van Eskom oor hoe om minder elektrisiteit te gebruik:

- Skakel ligte af wanneer jy 'n vertrek verlaat.
- Gebruik LED-gloeilampe
- Skakel toestelle af wanneer hulle nie gebruik word nie.

○○○

- Gebruik slegs koue water, tensy warm water werklik nodig is
- Gebruik 'n warmtekomber om jou geiser te bedek.
- Verskeie faktore kan kragopwekking belemmer, insluitend onderhoud, onbeplande

afsluitings, en ook die weer, wat 'n deurslaggewende faktor is.

Mabotja sê dat haar aanleg, in besonder, deur hoë temperature, beïnvloed word. "Op baie warm dae is die stasie nie in staat om krag tot sy volle kapasiteit, te lever nie", sê sy.

Die Matimba-kragstasie gebruik steenkool om elektrisiteit op te wek en is ontwerp om 3990 MW krag te genereer.

"Krag word via 'n verspreidingssubstasie versprei. Dit beweeg langs hoëstroomspanningsoordraglyne en gaan deur verlagingstransformators na die laer stroomspanning. Elektrisiteit word dan na die nasionale netwerk versprei."

Die kragstasie se steenkool kom van Exxaro se Grootgelukmyn. Dit word via 'n vervoerbandstelsel na Matimba se silo's en steenkoolhokke vervoer voordat dit na die meule toe gaan waar dit fyn gedruk word en in elektrisiteit omgeset word," sê Mabotja. 

Besoek Eskom se webtuiste vir meer elektrisiteitsbesparingswenke: [www.eskom.co.za](http://www.eskom.co.za)

# The ups and downs of farming

**A MPUMALANGA** emerging farmer is ploughing ahead, having already won a prestigious award and secured a substantial contract for her maize.



Njabulo Mbokane runs a 200-hectare farm. She is seeking funding to purchase a tractor which will allow her to expand her business.

Silusapho Nyanda

**A** young female maize farmer is taking giant leaps towards becoming a successful commercial farmer.

Njabulo Mbokane (24), the owner of a 200-hectare non-genetically modified organism yellow maize farm, was recently named the South African Breweries (SAB) and FarmSol Young Emerging Farmer of the Year.

The Ermelo-based farmer leases two farms; one in her hometown; where she grows crops, and the other in Lothair; where she raises sheep.

Despite only starting farming in 2016, Mbokane already has a year-on-year maize contract with SAB.

She is part of the FarmSol programme, which is an SAB Thrive Fund initiative aimed at funding Agri-SMMEs; providing technical training and support to emerging farmers; giving access to modern production inputs and patient financing to qualifying enterprises and enabling emerging farmers to find a route to market for their produce.

"FarmSol mentors us and helps us with training. It also assists us in taking samples of the maize and soil." Mbokane was financially unable to study further after matric but knew that agriculture held many opportunities for people with the will to work hard.

"I started farming because I saw a gap that young people should explore and I went for it."

Mbokane employs three permanent staff members and hires 15 seasonal employees during peak periods. She is looking to expand her operations to include cattle and vegetables once she has secured her own land and farming equipment.

Having her own tractors, for instance, will enable her to plant on time whereas with hired equipment, she can only plant when the tractor owner has finished his planting.

Mbokane started the farm with her mother's pension payout and said that young people need not wait for a big break before making a start on their farming dream. "Start with the little that you have, even if it's the garden in your backyard, and grow from there," she said. 